

17 Oktober

Psalm 23
(Teks: 23:14)

Die Here is my herder

VYF MAGTIGE WOORDE

"Die Here is my herder" (Ps. 23:1) - waarskynlik die vyf gesogste trooswoorde uit die Bybel onder Christene. Oor eeue heen, in baie tale, het miljoene gewonde soldate, gevangenes, angstiges, treurendes en pasiënte gelowig hieraan vasgehou.

Eintlik vanselfsprekend dat dit in hierdie dagstukkies 'n plek sou hê!

EEN VIR EEN

Beklemtoon hulle een vir een en die krag van die Gees vloei deur jou:

- *DIE* Here is my herder Hy is die enigste ware, lewende God, die God wat Homself in die Bybel en skepping aan ons bekendstel (Deut. 6:4).
- Die *HERE* is my herder: sy Naam is "Ek is wat Ek is" (Eksodus 3:14). Hy is die God wat Homself aan sy mense verbind, genadig, vir ewig.
- Die Here *IS* my herder: nie miskien, hopelik, nie. Nie eers as ek my "hart vir Hom oopgemaak het" nie, maar onvoorwaardelik, verseker.
- Die Here is *MY* herder: Hy is die persoonlike God wat Hom ook met één mens op 'n slag bemoei. "God van Abraham, Isak en Jakob" (Eks 3:15).
- Die Here is my *HERDER*: 'n skaapwagter was in Ou Testamentiese dae 'n sorgsame, liefdevolle mens wat sy kudde dag en nag opgepas het.

Ons Herder in die hemel het my só lief dat Hy Self eenkeer 'n skaap geword het. " 'n Lam wat na die slagplek gelei word... 'n skaap stom voor sy skeerders" (Jesaja 53:7). Jesus Christus, God se Seun, is die goeie Herder wat sy lewe vir sy skape afgelê het (Johannes 10:11). Waarlik, niks, niks sal my ontbreek nie!

Sing Psalm 23

Ds. J. Botha (Laeveld)